basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LEWENSORIËNTERING

## ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

## SEPTEMBER 2012

**PUNTE: 75**

**TYD: 1½ uur**

*LIFEOA*

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B EN AFDELING C.

2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A en AFDELING B.

3. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1.1 Volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is ...

A 'n werknemer nie verplig om 'n mediese sertifikaat in te dien indien hy/sy vir meer as drie agtereenvolgende dae van die werk afwesig is nie.
B 'n werknemer op vyf tot ses weke betaalde siekverlof in 'n tydperk van 36 maande geregtig.
C 'n swanger werknemer op ses agtereenvolgende maande bevallings- of kraamverlof geregtig.
D voltydse werknemers op twee weke betaalde gesins-verantwoordelikheidsverlof 'n jaar geregtig.

1.1.2 Een van die sosiale/maatskaplike gevolge van MIV/Vigs in die werkplek is …

A 'n kleiner arbeidsmag.
B verminderde winsgewendheid en produktiwiteit.
C verhoogde gesondheidsorgkoste.
D groter isolasie en diskriminasie.

1.1.3 Kies die beste strategie om konflik te bestuur:

A Stel jou argument te alle koste duidelik sodat jy wen, want jou mening is belangrik.
B Aanvaar kompromie slegs as dit tot jou voordeel is, want die ander persoon is verkeerd.
C Fokus op en beklemtoon die ander persoon se fout, sodat hy/sy kan sien wat hy/sy verkeerd gedoen het.
D Fokus op en beklemtoon die kwessie, nie die persoon nie.

1.1.4 'n Opsomming van jouself wat jou gewoontes, waardes en norme die beste beskryf, asook jou visie of toekomsplanne, word 'n ... genoem.

A loopbaanverklaring
B persoonlike missieverklaring
C visieverklaring
D aksieplanverklaring


EASTERN CAPE

1.1.5 Die media is daarvoor verantwoordelik om ...

A menseregteskendings en korrupsie bloot te stel en te publiseer om verandering teweeg te bring.
B 'n bepaalde politieke party te steun, want dit is in belang van die media.
C nie die regering en sy optrede te kritiseer nie, want dit is ongrondwetlik.
D die regering se belange te bevorder omdat die media aan hulle behoort.

1.1.6 Indien daar 'n dispuut/geskil tussen jou en jou werkgewer is, moet jy eers probeer om die probleem self of met die hulp van jou unie uit te sorteer. Indien dit onsuksesvol is, kan jy die ... kontak.

A Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
B Onafhanklike Polisie-ondersoekeenheid
C Openbare Beskermer
D Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie

1.1.7 Watter EEN van die volgende is 'n menslike faktor wat 'n ramp kan veroorsaak?

A Droogtes kan swak oeste en gevaarlik lae watervlakke veroorsaak.
B 'n Hewige storm is 'n gevaarlike weerstoestand wat wydverspreide verwoesting kan veroorsaak.
C Giftige uitlatings in die lug, water en grond kan ernstige gesondheidsprobleme in armer gemeenskappe veroorsaak.
D Vloede kan daartoe lei dat mense ontwortel en ontruim moet word.

1.1.8 Doeltreffende studiestrategieë sluit in om ...

A vir minstens twee uur op 'n slag aaneen te studeer.
B nie enige oefening in eksamentyd te doen nie, sodat jy meer tyd aan jou studies kan afstaan.
C 'n plek te kry waar niks jou kan steur nie en waar jy optimaal kan konsentreer.
D die maklikste vak eerste te leer terwyl jy vars is.

1.1.9 Kardio-respiratoriese uithouvermoë is die vermoë van die ...

A spiere om tydens 'n aktiwiteit krag uit te oefen.
B hart en longe om die liggaamspiere van suurstof te voorsien.
C spiere om vir lang tye te beweeg en is 'n aanduiding van die spiere en gewrigte se vermoë om te werk.
D spiere en gewrigte om deur die volle omvang van beweging te beweeg en is voordelig vir ontspanning en om beserings te voorkom.


EASTERN CAPE

1.1.10 Formele assessering ...

A assesseer net 'n leerder se kennis in gestruktureerde toetse
B gebeur net een keer aan die einde van die jaar vir bevorderingsdoeleindes.
C behels die beoordeling van leerders se take en toetse.
D is gestruktureerd, deurlopend en voorsien data vir terugvoer.

(10 x 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede as die stelling ONWAAR is.

1.2.1 Afstandsonderrig-universiteite het dieselfde minimum vereistes vir toelating tot voorgraadse graadprogramme as ander universiteite.

1.2.2 In 'n eksamenvraag toets die toepassingsvaardigheid slegs die vermoë om 'n beskrywing van 'n konsep te gee.

1.2.3 Vakbonde speel 'n belangrike rol in die skep van konflik tussen werkgewer en werknemer. (5)


EASTERN CAPE

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 J.

| **KOLOM A<br>ITEMS** | **KOLOM B<br>BESKRYWING** |
|---|---|
| 1.3.1 Afrigter<br><br>1.3.2 Sportadministrateur<br><br>1.3.3 Ontspannings-beampte<br><br>1.3.4 Biokinetikus<br><br>1.3.5 Persoonlike fiksheidsinstrukteur | A spesialiseer in die wetenskap van beweging en rehabilitasie en gebruik oefeninge as behandeling<br><br>B doen in die media verslag oor die jongste gebeure in die sportwêreld, hetsy oor die algemeen of spesifiek een sport<br><br>C fokus op behoorlike voeding om goeie gesondheid te bevorder en motiveer kliënte<br><br>D help kliënte om fiksheidsdoelwitte te bereik deur persoonlike assessering, 'n oefen-roetine, motivering en ondersteuning te verskaf<br><br>E diagnoseer en behandel sportverwante siektes en beserings<br><br>F toesig oor die gladde verloop van 'n sport-organisasie, wat kan wissel van toesig tot die implementering van beleid en regulasies<br><br>G motiveer, lei en rig atlete af ten opsigte van strategieë en taktiek tydens 'n wedstryd of kompetisie<br><br>H organiseer en motiveer sport- en ontspan-ningsaktiwiteite soos gemeenskapsfunksies en sportkompetisies |

(5 x 1) (5)

1.4 Beantwoord die volgende vrae deur slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) neer te skryf.

1.4.1 Noem die visuele instrument wat jou brein help om inligting uit te pak en weer te verpak, soos die takke van 'n boom.

1.4.2 Wat word speletjies genoem wat die gemeenskap se waardes versterk en interaksie tussen gemeenskappe bevorder?

1.4.3 Behalwe belasting, noem EEN wettige aftrekking wat sonder toestemming van 'n werker se salaris gemaak kan word.

1.4.4 Identifiseer die studievaardigheid wat die vinnig deurlees van 'n teks of hoofstuk om die algemene beeld te kry, behels.

1.4.5 Wat kan 'n werkgewer implementeer vir aangewese bevolkingsgroepe om regverdig te wees ten opsigte van 'n arbeidsmag wat nie verteenwoordigend is nie? (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 25**



EASTERN CAPE

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. In hierdie afdeling moet jou antwoorde, sover moontlik, in volsinne wees.

**VRAAG 2**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg:




2.1 Noem TWEE faktore wat tot alkoholmisbruik deur studente kan bydra. (2)

2.2 Verduidelik TWEE maniere waarop alkohol tot die verspreiding van MIV en Vigs kan bydra. (2 x 2) (4)

2.3 Bespreek krities TWEE maniere waarop gemeenskappe verantwoordelikheid vir die voorkoming van alkoholmisbruik onder tieners kan aanvaar. (2 x 2) (4)
**[10]**

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ek het onlangs 'n artikel oor nuwe tegnologie in die werkplek gelees. Volgens die artikel is dit moontlik om dit te laat lyk asof jy werklik in jou kantoor werk, terwyl jy eintlik iewers anders is. Die skrywer het 'n voorbeeld genoem van 'n man wat sy selfoon gebruik het om die skerm op sy kantoorrekenaar te verander sodat dit gelyk het asof hy besig was om te werk, terwyl hy al die tyd in 'n nabygeleë restaurant was.

Dink net aan die moontlikhede! Los jou ligte en die rekenaar aan wanneer jy in die aand huis toe gaan en geniet die volgende dag 'n rustige dag op die gholfbaan of doen inkopies. Niemand sal ooit weet dat jy nie daar was nie!

Om so iets te doen, laat natuurlik enigiemand in die werkplek, trouens enige etiese persoon, voor 'n paar etiese dilemmas te staan kom.

By die maatskappy waar ek werk, het die hoof- uitvoerende beampte ('CEO') onlangs mense gewaarsku oor laat kom en vroeg loop. Hy het die vraag gevra: 'Kry ek waarde vir my geld?' En dit is die punt. Ons wil almal seker maak dat ons waarde kry in ruil vir die geld wat ons betaal.

Bo en behalwe die aardse kwessies van lone en verantwoordelikhede aan ons maatskappye, laat ons nie onsself toe om die waardigheid wat met werk kom, ten volle te ervaar nie. Wanneer jy nie op kantoor is as jy eintlik moet werk nie, ontneem jy jouself van integriteit en selfrespek.

[Vertaal uit Montgomery, J. 2011. Aangepas uit *Ethics in the Workplace 2011*.
Herwin 21 Mei 2012, uit www. Amazon.com]

3.1 Noem EEN etiese saak wat in die uittreksel hierbo weergegee word en verduidelik waarom jy dit as 'n etiese kwessie beskou. (3)

3.2 Behalwe om 'n salaris te verdien, verduidelik nog DRIE maniere waarop werk tot JOU eie groei en ontwikkeling kan bydra. (3)

3.3 Gebruik jou kennis van regte en verantwoordelikhede in die werkplek en verduidelik watter stappe teen werknemers gedoen kan word wat nie die maatskappy se beleid volg nie. (2 x 2) (4)

**[10]**

## VRAAG 4

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Gugu is 'n hoërskoolleerder wat baie gewild is by die skool. Sy is vriendelik en innemend en sy hou daarvan om netbal vir haar skool en sokker vir die plaaslike gemeenskapsklub te speel. Haar deelname aan sport het baie vir haar beteken, dit het haar selfvertroue gegee en ook haar sosiale vaardighede ontwikkel.

Gugu se ma stem egter nie met haar deelname aan sport saam nie. Haar ma dink dit is belangriker vir haar om te leer kook en die huis skoon te maak. Gugu sê haar ma is meer tradisioneel en steun nie haar deelname nie. Gugu se ma sê: 'Waar ek vandaan kom gaan meisies en vroue nie uit nie: werk en sport is vir seuns. Hulle mans onderhou hulle en hulle werk in die huis. Dogters moet vir die huwelik voorberei word. Dit is hoe ek grootgemaak is.'

Haar ma glo nie daaraan dat meisies na sportklubs toe moet gaan nie. 'In my dorpie is dit nie toegelaat nie, meisies is nie aangemoedig om aan sport deel te neem nie. Maar hier in die stad lyk dinge anders.'

[Anoniem]

4.1 Die gevallestudie hierbo illustreer die sosiale/maatskaplike voordele van Gugu se deelname aan sport. Wat is die fisiese voordele van Gugu se deelname aan sport? (2)

4.2 Bespreek TWEE maniere waarop die rol van sport en speletjies in verwesterse samelewings verskil in vergelyking met meer tradisionele samelewings. (2 x 2) (4)

4.3 Die media is geneig om die tradisionele geslagsrolle van mans en vroue voor te hou deur sport as hoofsaaklik geskik vir mans uit te beeld. Stel TWEE maniere voor waarop die media hierdie negatiewe persepsie van vroue in sport kan verander. (2 x 2) (4)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE kort opstelvrae in hierdie afdeling. Jou opstel moet 15–20 reëls lank wees.

### VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Vir die meeste van ons is die ervaring van konflik in interpersoonlike verhoudings 'n negatiewe een, maar dit hoef nie so te wees nie. Konflik kan ook positief wees.
>
> [Vertaal uit Switzer, C. 2010. *Difference between constructive and destructive conflict*. Herwin 21 Mei 2012, uit www.Livestrong.com]

Skryf 'n kort opstel waarin jy DRIE maniere waarop konflik positief kan bydra tot 'n gesonde verhouding krities bespreek en verduidelik hoe elk van die volgende vaardighede jou sal help in die bestuur van konflik:

- Luister
- Empatie **[10]**

### VRAAG 6

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Werkloosheid is 'n werklikheid vir die meeste skoolverlaters, daarom is dit belangrik om bewus te wees van tendense in die arbeidsmark. Dit is nie goed om 'n loopbaan te kies waarvoor daar geen aanvraag in die mark is nie. 'n Belangrike deel in die vind van werk is om die nismark (die gaping in die mark) te identifiseer.
>
> [Anoniem]

Skryf 'n kort opstel oor werkloosheid waarin jy die volgende doen:

- Verduidelik TWEE redes vir die werkloosheid van die graad 12-skoolverlaters.
- Bespreek krities hoe 'n entrepreneur werksgeleenthede vir hom-/haarself kan skep deur die nismark te lees en te identifiseer. Gebruik 'n voorbeeld om jou antwoord te illustreer. **[10]**

**VRAAG 7**

Analiseer die strokiesprent en teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## BOU 'N BRUG VIR WELSYNSONTVANGERS




* *Teks vir duidelikheid vergroot*

Wat 'n skrikwekkende, skokkende en hartverskeurende storie ('Dorp se oumas moet krokodille trotseer vir toelaes'). Jou verslaggewer, Mhlaba Memela, het 'n miernes oopgekrap.

Die feit dat vroue en kinders in vandag se dae hulle lewens waag om 'n rivier wat wemel van die krokodille oor te steek om hul pensioene te gaan afhaal of om skool toe te gaan, is ongelooflik.

[Vertaal uit Levin, D. 27 Maart 2012. 'Village Grannies Must Brave Crocs for Grants'. Herwin 21 Mei 2012, www.m.timeslive.co.za]

Skryf 'n kort opstel oor menseregteskendings waarin jy die volgende doen:

- Bespreek EEN menseregteskending wat in die uittreksel hierbo voorkom.
- Stel TWEE praktiese oplossings voor wat die gemeenskap kan toepas om die probleem op te los.
- Evalueer albei die praktiese oplossings wat jy voorgestel het deur die uitdagings wat die gemeenskap in die gesig kan staar wanneer hulle die oplossings toepas, te bespreek. **[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 75**